# WELSPREKENDHEID

Dr. Herman Bavinck

DR. HERMAN BAVINCK

•

# WELSPREKENDHEID

•

# INHOUD

Voorwoord .......... 4
Inleiding .......... 6
1. Die beginsel van welsprekendheid .......... 7
2. Die wese van welsprekendheid .......... 18
3. Die vorm van welsprekendheid .......... 36

# Voorwoord

Die twintigste eeu kan bestempel word as die eeu van tegniek, van die mens in die laboratorium, vooroorgeboë by sy mikroskoop. Die resultate van ruimtenavorsing is verbysterend. Tog bly nog steeds die behoefte aan die warmte van die lewende woord wat tot ons gebring word deur die aanwesigheid van die sprekende persoon. Vanuit die woord gaan daar inspirasie uit wat aanvuur tot die stryd; gaan daar troos uit wat die hoof weer laat oplig om die toekoms met moed in te gaan. Nog steeds het die gesproke woord so ’n belangrike plek in ons samelewing dat bykans negentig persent van die mense hul lewensonderhoud hierdeur verdien.

Ons dink altyd net aan sprekers op die preekstoel, in die parlement of op die politieke vergadering, aan die onderwyser voor sy klas of die professor voor die kateder. Ons weet ook van die advokaat in die hof of die akteur op die verhoog. Maar die hele besigheidslewe steun op die woord en onderhoude word gevoer in die kantore. Bevele word uitgeroep op die slagveld en binne die intieme kring van die huisgesin word liefdesonderrig gegee deur te vertel. Onontbeerlik in ons samelewing kan ons gerus maar die gesproke woord noem. Hoe nodig is dit dan nie om die woord reg te hanteer nie! Die spreker wil beweeg. Dit is sy vernaamste oogmerk. Hy wil nie maar net aanspreek nie, maar ook toespreek. Hy wil nie net *tot* ons spreek nie, maar *met* ons praat. Hy wil ons dwing om te luister en werklik, ons gaan anders weg as wat ons onder sy gehoor gekom het.

Niemand moet tog dink dat welsprekendheid alleen deur ’n predikant beoefen moet word nie. Niemand moet ook meen dat hierdie boekie alleen woorde van wysheid bevat vir die man op die preekstoel nie. Elke openbare spreker kan hierdie werkie met groot vrug lees en behoort dit te doen. Die gekeurde woord, die gepaste woord, die korrekte woord, die skilderende woord, die woord wat gehoor word maar ook gesien word, het ’n agtergrond,

het ŉ wortel. Daarvan word ons hier vertel. Gedurende klaswerk is by aanstaande predikante die mag van die woord beklemtoon. By die verkondiging van die evangelie — daardie groot en gewigtige opdrag — moet die prediker met groot behendigheid hierdie middel gebruik. Wat baat dit om soveel moeite te doen met die maak van die preek, daaraan te swoeg vir ŉ volle week en dan in die uur van aflewering sodanig te faal dat die luisterende gemeente nie saam met die prediker ontroer kan word en sy spanninge kan deurleef nie? Hoe tragies tog as die prediker se eie binneste skeur, maar die gemeente bly onaangedaan sit, sonder die minste ontroering!

Om Bavinck se "Welsprekendheid" ter hand te neem, is vir enige spreker louter genot. Dit besiel elke keer weer. Omdat die werkie alleen antikwaries verkrygbaar is, mag sy verskyning in vertaalde gedaante verwelkom word. Ondergetekende het die Afrikaanse vertaling onderneem en vertrou dat hierdie heldere gedagtes van die geniale Bavinck vir elke leser en spreker ŉ inspirasie sal bly.

S.P. VAN DER WALT.

Teol. Skool, Potchefstroom,

4 Oktober 1960.

## Inleiding

Laat my toe om u aandag te vra vir ŉ uiteensetting oor kanselwelsprekendheid. Dit is seker nie nodig om ŉ pleidooi te lewer ter regverdiging daarvan nie. Dit is van die grootste belang vir diegene wie se vernaamste taak dit sal wees om die Woord van God te gaan verkondig. Die woord sal tegelykertyd u swaard en u skild wees; beide die wapen van aanval en verdediging. U vermoë sal des te groter wees en u invloed des te meer uitgestrek namate u hierdie wapentuig met groter bekwaamheid hanteer. Al u ander geestesgawes sal des te meer luister besit namate hulle ŉ kragtiger en meer besielde uiting vind in die gesproke woord. Die erenaam van *ŉ* predikant is "bedienaar van die Woord", van die Goddelike Woord. Daarmee word aan elke predikant ŉ gesag toebetrou nog groter as die wat vorste en wêreldgrotes besit, omdat die meester van die woord ook meester van die gemoed is. Hy wat oor die gees heerskappy voer is sterker as hy wat ŉ stad verower. Baie persone wat nie bedienaars van die goddelike woord is nie, sal seker ook hierdie boekie lees en dit sal ook vir hulle nie van belang ontbloot wees nie. Die goeie spraak is vir elke mens ŉ sieraad en vir elke christen, man of vrou, is dit ŉ kostelike deug. Die Skrif lê, meer as wat ons miskien dink, nadruk op ons roeping om heilige gebruik te maak van ons tong en van die taal. Die apostel Paulus lê die grondwet van alle vorme van welsprekendheid neer vir elke mens sonder onderskeid, toe hy gesê het: "Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord". (Kol. 4:6). Om goed te praat is nie net ŉ vereiste vir ŉ predikant of advokaat nie, maar ook vir die daelikse lewe en in maatskaplike omgang. Van hierdie algemene welsprekendheid, wat nie dieselfde is as om glad met die mond te wees nie, gaan ons net ŉ enkele aspek behandel. Ek vra u aandag vir kanselwelsprekendheid en verdeel die onderwerp in drie dele: die *beginsel*, die *wese* en die *vorm* daarvan.

## 1. Die beginsel van welsprekendheid

Ek roep in u herinnering ŉ tafereel uit die Faust van Goethe, waarin hy, toe hy besig was om Joh. 1:1 te vertaal, nie tevrede kon word met die eerste vers nie, wat lui: “In die begin was die Woord”. Hierdie uitdrukking het hom nie beval nie. Hy durf die Woord nie so hoog waardeer nie en verag liewer die woord wat dikwels só onwaaragtig, niks as ydele klank en hol geraas is nie. Die woord kan nie die beginsel en die oorsprong van die dinge wees nie. Daarom wil hy verder terug en nog dieper afdaal; hy wil die wese, die grond, die wortel van die dinge peil.

Toe skryf hy: in die begin was die sin, of gedagte, oordeel, of verstand.

Hy het dit noueliks klaar geskryf of daar kom twyfel op: is dit werklik die sin wat alles te voorskyn roep en skep? Kan gedagte werklikheid voortbring?

Toe verbeter hy ŉ tweede keer sy vertaling en sê: in die begin was daar krag. Dieselfde onbevredigde gevoel pak hom beet en hy kon hierby ook nie rus vind nie. Krag sonder meer kan ook nie iets skep en voortbring nie; dit kan nie aan die wêreld aansyn gee nie. Dan moet hy nog verder terug. Hy kry toe ŉ ingewing en skryf doodtevrede neer: in die begin was die *daad*. En met hierdie nuwe lesing het Goethe sy panteïstiese wêreldbeskouing in plaas van die skriftuurlik-teïstiese, aan die wêreld bekendgemaak. Die begin van die skepping is vir hom nie te vinde by die lewende, selfbewuste en persoonlike Woord nie, wat alle dinge sprekende in aansyn geroep het; nee, hy soek die beginsel en die wese van alle dinge in die rustelose daadkragtigheid. Daar is ŉ lewende, almagtige wil wat alles deurdring, ŉ rustelose strewe, ŉ ewige drang, wat ook tegelykertyd verstand en liefde is.

Die Heilige Skrif weerspreek so ŉ naturalisme kragtiglik en stel aan die begin en as beginsel van alle dinge, nie onbewuste krag of blinde drang nie, maar die selfbewuste persoonlike,

selfstandige woord. Deur middel van die wysheid, wat God in klare suiwerheid besit, deur die Woord as eersteling van die skepping en van alle kreature, het God alle dinge, wat daar nie was nie, in aansyn geroep asof hulle daar was. Al sprekende het God alle dinge geskep en herskep.

Ons bewonder heel tereg die waaghalsige kuns waarmee Homerus in die Ilias die mag van die Opperste van die gode beskryf: “En Kronion het gespreek en knik met sy donker wenkbroue, terwyl die hemelse haarlokke op die koning se onsterflike hoof geskud het — en die hele Olimpus het gebewe.” Maar wat is dit in vergelyking met die majestueuse woorde van die Skrif: “Hy spreek en dit is daar; Hy gebied en dit staan daar”. Waarlik, dit is die absolute, die goddelike, die oorspronklike mag van die woord. En alle mag van elke ander woord het daar sy begin en sy oorspronklike beeld. Maar omdat die Woord juis die Eersgeborene is van die skepping, is daar ook *’n* weerklank van God in die hele skepping. Daar is gedagte, daar is taal, daar is stem en klank en toon in alle dinge, wat vir die mens verstaanbaar is. Die skepping is nie net geskryf deur die vinger van God en dus ’n swygende boek nie; dit is veel meer: die skepping laat ’n sprake uitgaan tot die mens. Dit is ’n leesboek. Dit is wel waar dat ons daardie boek met sy hierogliewe-skrif dikwels nie korrek kan lees nie en dus sy sprake nie verstaan nie. Maar digters, daardie onbevange gemoedskinders, het die sprake verstaan en het die woorde van Paulus enigsins gewysig oor-geneem: daar is baie soorte stemme in die wêreld en geen ding is sonder stem nie. Die digter van Ps. 19 gee dit só weer: die hemele vertel Gods eer en “die een dag stort vir die ander ’n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan. Daar is geen spraak en daar is geen woorde nie — onhoorbaar is hulle stem”. En tog word dit deur elke mens verstaan. Hulle woorde gaan uit tot aan die einde van die wêreld. Ps. 19 sê dat alles spreek, elke ding in sy eie stem en sy eie taal. Die ganse skepping is welsprekend. Net die sonde is in sy lied ’n groot wanklank.

En tog, net soos wat die mens die hoof is van die hele skepping, so het die geskape dinge se stem in die mens sy hoogste gestalte verkry. Alle dinge vertoon Gods voetstappe, maar die mens het die beeld van God, en dit veral deur sy taalbeheersing. Dit tog is *'n* wonder. Die oorsprong daarvan is onbekend, en sy wese onnaspeurlik. Ook is sy werking onbeskryflik. En tog skyn 'n woord so sinloos, net maar 'n lugtrilling, 'n klank wat dadelik op die asem van die wind weer wegsterf, nog ydeler as die ydelheid self. Tog is dit 'n mag wat kragtiger is as die swaard en geweld; wanneer dit Gods Woord is, is dit beide lewe en lig. Die woord is nooit dood, is nie maar net 'n vooraf ooreengekome teken, nie 'n groep mense se klanke of 'n sinlose gekunstelde iets wat deur mense-vernuf uitgevind is nie. Die woord is besield en vol lewe, voortdurend in groei en wasdom; dit kan ook kwyn en ontaard of wegsterf, net soos elke ander organisme. Dit is nie 'n produk van ons mense se wil of voortbrengsel van ons navorsing nie; tog is dit gebore uit ons wese en is dit uiting van ons diepste gevoelens. Met soos wat die Woord van God, die Logos, nie deur Gods wil geskep is nie, maar uit Gods Wese gegenereer, so is dit ook gesteld met die woord van die mens. Die woord is die mens self en die taal is die siel van die volk.

In die taal het die mens die diepste en die mees innerlike van sy wese; in die woord stap hyself in die lig en kom uit sy geslotenheid en verborgenheid te voorskyn. Uit die diepte van sy wese word die woord gebore. Daar verkry dit die aandoening wat ons tref in sy mooi vorm en kunsgestalte. Uit die donker moederskoot gebore, is dit 'n kindjie wat gees en siel albei verenig, 'n ewebeeld van die mens se heerlikheid en die uitgedrukte beeld van sy selfstandigheid.

Ongetwyfeld het die taal so ontstaan, hoewel ons ons van die wyse waarop dit plaasgevind het geen voorstelling kan maak nie. Die eerste mens was geskape na die beeld van God en het daarin ontvang, nie net geregtigheid en heiligheid nie, maar ook kennis

en waarheid. Alles wat hy van Gods werke kon ken, moes hy in woorde verklank. Uit sy denkende siel is die taal gebore en die taal was poësie.

O droewe dag, toe die ontaarding moes kom by die sondeval. En waarin het dit bestaan? Hierin, dat die mens, soos op elke ander gebied, ook op hierdie terrein in die vorm behae gekry het, in die woord self en dit los gemaak het van sy inhoud, van die waarheid, van die gedagte. So het die mens afgeval van die inhoud tot die vorm, van die wese tot die skyn, van die lewe na die dood, van die lig na die donkerheid, van die volheid na die leegheid. Toe het ons woord leeg en hol geword, sonder lewe en sonder lig. Eintlik waarsku die Heilige Skrif so kragdadig teen hierdie ydele, leë, uitgeholde woorde en sê "elke ydel woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag". Daar word inderdaad ŉ ontsettende mag op ons uitgeoefen deur slagkrete, hol klanke, sinleë woorde, konvensionele uitdrukkinge. Onberekenbaar is bv. die heerskappy wat die kreet van die Franse rewolusie uitgeoefen het en nog uitoefen op die menslike gemoed: Vryheid, gelykheid en broederskap. Kom ons bereken net vir ŉ oomblik wat die uitwerking was van die bekende woorde uit die twee vorige eeue en die invloed wat daarvan uitgegaan het: onsterflikheid, deug, verdraagsaamheid, neutraliteit, gelyke regte vir almal en dergelike meer. Al hierdie dinge was niks meer as klanke nie wat soos musiek in die ore geklink het, die sinne gestreel het soos Sirenesange, die harte bekoor het, maar aan die denker het dit niks gebied nie en by diepere oorweging was dit duidelik dat dit al hoe leer van inhoud geword het.

Maar die massa se welgevalle aan woorde sonder inhoud kom nie net in valse slagwoorde uit nie; ons hele omgangstaal en byna al ons beleefdheidsvorme lewer daarvan klinkklare bewys. Goethe het in der waarheid gesê: ŉ mens lieg sodra hy beleef word. Bokant die ingang van die skouburg aan welke Shakespeare

verbonde was kon u die veelseggende opskrif lees: totus mundus agit histrionem, die hele wêreld speel toneel. In Hamlet het Shakespeare ŉ mens geteken wat die leuenagtige en huigelagtige bestaan van die wêreld deursien het, en daarom niemand meer vertrou het nie en ŉ duiwelse behae daarin gevind het om die masker voor elke gesig weg te pluk. Wanneer ons dan slegs op die skadusy van ons menslike natuur eensydiglik ons aandag rig, het Talleyrand volkome gelyk gehad: taal is ontwerp om ons gedagtes te verberg. Ons moet egter nie vergeet nie dat hierdie uitspraak gedoen is deur ŉ Fransman met die oog op die Franse maatskappy van sy tyd. Toentertyd was die Franse ongetwyfeld meesters in onderhoudende gesprekskuns, d.i. van die sogenaamde kuns om in die fynste vorme oor die nietigste onderwerpe die galantste gesprekke te voer. Daar is ook geen taal wat hom daartoe beter leen as Frans nie. Niemand het hom dieper vererg oor die wufte karakter van hierdie taal nie, as die skerpsinnige taaikenner Bilderdijk en hy het hom waarlik ook in bytende sarkasme daaroor nie teruggehou nie. Hierdie welbehae in die toon, in die vorm, het die neiging om in leuen oor te slaan, d.w.s. helde tot die loutere teenoorgestelde van die werklikheid, nl. die ydele onwerklikheid. Daarom, dwaling kan nog algemeen-menslik genoem word, maar om te lieg is satanies. Die rede is duidelik: as Satan lieg, dan spreek hy uit sy wese, dan is hy waar en opreg, omdat hy niks anders kan doen as lieg nie. En die hoogste openbaring van die leuen is in die Skrif die valse, profesie, daardie nihilistiese teëhanger van die hoogste werklikheid.

Om nou die egte beginsel van die ware welsprekendheid duidelik in die oog te vat, is dit die beste om noukeurig ag te gee op die teëbeeld, die karikatuur. Die wortel van alle ydel woorde moet gesoek word in die mens se welbehae in die skyn, in sy afval tot die vormlike en onwerklike. Daarom.- die mens kan welsprekend wees wanneer die woord weer ŉ draer is van ŉ Goddelike inhoud, wanneer die woord weer by die mens dieselfde plek beklee as wat die Logos in die Goddelike wese het nl. beide

lewe en lig.

Om reg te kan spreek, moet ons self reg wees. Ons woorde is dan alleen wat hulle moet wees, wanneer hulle die beeld en gelykenis van onsself weergee, en onsself weer beeld en gelykenis van God is. Dan kan hulle nie leeg, ydel of hol wees nie, maar is hulle die openbaring van die innerlikste van die mens, siel van sy siel en gees van sy gees. Net soos by taal, is die bron van ware welsprekendheid dus nie die redenerende verstand nie; nog minder is dit geleë in ŉ daad of besluit van ons wil, maar agter albei, in ons hart, of gemoed, vanwaar die uitgange van ons lewe is, ook van die lewe betreffende die welsprekendheid. Wanneer jou hart die drang het om te spreek, spreek dan en jy sal welsprekend wees. Almal was welsprekend wat in hulle taal aan ons hulle hart gegee het, wat in hul woorde die allerbeste *gegee* het wat hulle het, nl. hulleself. U moet dus nie welsprekendheid gaan soek by die treurniete of by handelaars in verdraagsaamheid en neutraliteit nie. Hulle wat nie warm of koud kan word, wat nie meegevoel of hartstog ken en ook nie geesdriftig of besield kan word, kan ook nooit welsprekend word nie. Die geheim van welsprekendheid is geleë in die gemoed. Sodra die hartstog aan die woord kom, is welsprekendheid gebore.

En is dit moontlik dat ons hart ongeroerd bly? Voel ons dan nie saam met die hele skepping nie? Is ons nie aan alles verwant nie? Behoort ons nie tegelykertyd aan die hemel en die aarde nie? Ons hart is die brandpunt, waarbinne al die strale van die geskape dinge saamgetrek word; die spieël waarin alles weerkaats word. Indrukke, gewaarwordinge, aandoeninge, stroom van alle kante op ons aan. Ons is toeganklik vir sowel die melodieë van die engele as vir die gehuil van die duiwel; sowel vir die lied van die skepping as vir al die sugte van die skepsels. Daar is geen taal wat nie deur die menslike hart begryp word nie; geen stem wat nie weerklank vind in ons siel nie. Wanneer ons hart dan op die wyse geraak, getref, getrek of mee-gesleep word en daarom in hartstog ontwaak,

dit maak nie saak welke soort nie: liefde, haat, berou, medelyde, verontwaardiging, skrik, vrees, angs, verbasing; wanneer ons gemoed ontroer word en die golwe van ons sielelewe in beweging gebring word; wanneer ons gees *gedryf* word, in geesdrif ontbrand, in vervoering of verrukking raak; dan ontsluit die ware bron van welsprekendheid binne in ons.

Dus: diepe, innige gevoel is die beginsel van welsprekendheid; die vatbaarheid van die siel om geskok en ontroer te word, is sy lewens-element. Daarom is digters en redenaars altyd mense met ’n fyn en teer gevoel; hulle het fyn bewerktuigde nature, die geringste aanraking laat die snare tril en slegs die sagste suising laat die oppervlakte van hul gemoedslewe rimpel. Daarom lees ons so dikwels dat Jesus met ontferming bewoë geword het. Ook wanneer Paulus sy grootse rede op die Areopagus hou het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. So was dit die geval en bly dit by alle redenaars van vroeër of van latere tyd. Ons lees dit ook in die ou geskrifte: welsprekend is Achilles in sy toorn, is Andromache in haar trou, is die vaderlandsliefde van Demosthenes en Cicero as hy van ywer brand vir die welsyn van die staat. En in meer moderne tyd: welsprekend was die Hervormers, oorweldig deur die brandende begeerte terwille van die eer van die HERE. Dit word wel die mooiste geopenbaar in hierdie koninklike woord van Calvyn: ’n hond blaf dan as sy meester aangeval word en moet ek dan nie spreek as my Meester aangerand word nie? Welsprekend was Burke toe hy in die parlement van Engeland sy magtige stem verhef het teen die rewolusie. Welsprekend was Multatuli in sy Max Havelaar, omdat sy gemoed oorvol verontwaardiging was oor die skandelike onreg die arme Javaan aangedaan deur Droogstoppels en Slijmeringen; volgens sy eie getuienis was hy so welsprekend soos ’n moeder wat haar angs uitgil as haar kind in die water val. En so lewer die geskiedenis oorvloedige bewys vir die stelling dat die welsprekendheid, net soos taal, gebore word uit die gevoel. Twee dinge is dus nodig om die welsprekendheid gebore te laat word:

ʼn kragtige gemoedsaandoening, ʼn ontroerde gemoed, ʼn deurwonde hart; en ʼn onweerstaanbare drang om daaraan uiting te gee. Hulle is soos man en vrou, want hierdie twee is een. Ek het geglo, daarom spreek ek ook. Hy wat ʼn waaragtige en onwrikbare geloof het, kan nie swyg nie. As hy sou swyg sou die klippe uitroep.

In die hoogste sin tref ons hierdie inspirasie, hierdie roeping, hierdie inwendige drang of aandrywing van die gees of hoe ons dit ook al wil noem, aan by die profete en apostels. Hiervan sê Jeremia dat dit in sy hart geword het soos ʼn koolvuur wat in sy beendere gebrand het. Amos was ʼn eenvoudige boer, maar só kragtig is hy aangegryp en aangedryf dat hy nie rus kon vind in sy dagtaak nie en hy het sy boerdery verlaat. Hy kan nie meer uithou nie en moet net na Jerusalem gaan om te getuig. Daar gee hy uiting aan die gloed wat sy binneste verteer en luister na sy taal: “Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?” Hierdie selfde onweerstaanbare roeping laat Paulus ʼn wee oor homself uitroep as hy nie die evangelie verkondig nie. Ja, ook Jesus, in wie die Gees sonder beperking woon, getuig: Ek spreek nie uit myself nie, maar die Vader wat My gestuur het, het aan My ʼn gebod gegee oor wat Ek moet sê en spreek. Sien u, dit is die ware: est Deus in nobis, agitante calescimus illo; As God in ons is sal ons vurig wees van gees; die bron van alle hoëre lewensopenbaringe, van wetenskap en kuns, ook die beginsel van waaragtige welsprekendheid is hierin geleë as God in ons woon.

En dan is die welsprekendheid ook sommer onmiddellik aanwesig, selfs sonder oefening of voorbereiding. Lank voordat die wetenskap retorika daar was, was daar onder alle volkere al redenaars. Lewe gaan aan kuns vooraf. Homerus staan heel aan die begin van die Griekse kultuur en het asof met arendsvlerke die hoogste hoogte van poësie en welsprekendheid bereik. Sonder dat hulle voordragkuns geleer het, was die apostels en profete welsprekend.; Hulle het nie die Gorgias van Plato of die boek van

Cicero oor die welsprekendheid gelees nie; ook het hulle nie ŉ Griekse oefenskool in voordragkuns besoek nie; hulle het dus die reëls vir voordrag geensins geken nie: hulle het nie geweet van ŉ sentrale tema en van stofverdeling nie; hulle was onbewus van ŉ analitiese of sintetiese metode, van aksent en stemverheffing, van gesigsuitdrukkinge wat voor die spieël aangeleer moet word. Hiervan was daar niks nie, want hulle het nie kunstige woorde van menslike wysheid gespreek nie — en tog was hulle welsprekend, selfs in nog ŉ hoëre sin as die redenaars uit die oudheid, want hulle het die woord van God met vrymoedigheid gespreek, soos die wat mag het en nie soos die skrifgeleerdes nie. Hulle was welsprekend nie deur eie oefening nie, maar deur Goddelike gawes, nie deur nadenke nie, maar deur inspirasie, nie deur menslike benoeming nie maar deur Goddelike welbehae. Welsprekendheid was by hierdie geroepenes nie opgesmuktheid nie, maar natuurlik, geen kuns nie, maar *ŉ* gawe.

Selfs vandag nog tree nou en dan, asof daardeur gespot word met alle reëls van voordragkuns, eensklaps en onverwags uit die boesem van die volk ŉ persoon na vore en sy woord is soos ŉ elektriese skok, laat gemoedere ontvlam en bring beroering onder nasies. Gehoorsamende die woord van Peter van Amiens trek duisende kruisvaarders na Jerusalem. Die hele christelike Europa word deur die kragtige taal van Luther in sy gedaante hervorm. George Fox het in die helfte van die 17de eeu die hele Engeland laat sidder onder sy profetiese redevoeringe en aan-grypende stem. Die Franse rewolusie se grootste herout was die magtige redenaar, die woeste en onweerstaanbare Mirabeau. So het ook die eerste werk van Multatuli ŉ rilling deur die hele Nederland laat gaan.

Tog is welsprekendheid nie net ŉ gawe nie; dit is ook ŉ kuns. Kuns het dit geword in daardie vaderland van alle kuns en wetenskap, nl. Griekeland. Die oorsprong daarvan moet gedank word aan die stryd om politieke vryheid. Immers, die enigste weg tot oorwinning en politieke heerskappy in die volksvergaderinge

was deur die woord. So het dit baie duidelik geword dat daar redenaars was lank voor dat daar so'n wetenskap soos retorika was. Eers toe die mag van welsprekendheid in die praktyk gesien was, is outomaties gevra na die wese, en het persone hulleself rekenskap begin gee oor die eise en die reëls daarvoor is vasgestel. Op dié wyse het die kuns van welsprekendheid ontstaan. Die kuns kan nooit vir die gawe vergoed of probeer vervang nie. Retorika maak niemand welsprekend nie. Pascal het al gesê: La vraie éloquence, se moque de Féloquence. Die ware welsprekendheid spot met gewone welsprekendheid. Kuns sonder gawe word blote sofistiese woordespel, vuurwerk sonder warmte; aan 'n siellose portret gelyk, maar kom nie naby 'n lewende skildery nie.

Aan die anderkant ontaard gawe sonder kuns dikwels, soos die voorbeeld van volksredenaars ook bewys, in platvloersheid en hinderlike bogpraatjies. Die gawe wat die kuns verag, is ook nie die regte gawe nie. Die gawe kom immers van Bo en moet sy afhanklikheid erken, en hoe op aarde kan hy dan die middele versmaad wat tog ewe-eens van Bo kom en juis vir sy ontwikkeling geskenk is. Die mening dat die genie volkome vry is van alle vlyt en arbeid en net passief op inspirasie moet wag, is totaal foutief. Al is die uitspraak van F.A. Wolf oordrewe: Genie ist Fleisch; tog is die voorstelling dat Goddelike gawes alle menslike inspanning en oefening oorbodig maak, nie minder eensydig nie. Baie nader aan die waarheid is die woord van Rückert:

Es ist ein wahres Wort, der Künstler wird geboren,
Doch jede Wahrheit wird Irrthum im Munde der Thoren.
Geboren wird mit ihm der Kunsttrieb, nicht die Kunst,
Die Bildung ist sein Werk, die Anlag' Himmelsgunst.

Die groot manne op die gebied van kuns en wetenskap het ook nooit geklim tot op die hoogtepunt van roem nie, sonder die mees sorgvuldige oefening en mees volhardende inspanning van al hulle kragte. Ook die redenaars wie se name van geslag tot geslag oorgelewer word, soos bv. Demosthenes en Cicero, het

nooit enige moeite ontsien om die gawe wat hulle besit het, tot ontwikkeling en volmaking te bring nie.

Al moet ons dus erken dat die kuns die gawe veronderstel en dat die gawe as hoogste en eerste geskat moet word, tog mag, om ook die Skrifwoord hier by te roep, op geen enkele gebied die gawe wat in ons is versuim word nie. Die gawe eis en roep as *'t* ware om die kuns. Dit mag vir die kuns nie moontlik wees om die stroom van welsprekendheid te laat gebore word nie, tog kan dit die gawe lei binne ’n bedding vol bekoring. Hoe dit ook al mag wees, gawe of kuns of albei tegelyk, egte welsprekendheid het sy bron slegs in die hart van die mens. Hier by die oorspronge van alle lewe, ontspring ook dit. Waar die *hart* van vol is, loop die mond van oor. Welsprekendheid word heel tereg genoem: die uit passie gebore redevoering.

## 2. Die wese van welsprekendheid

Ons moet hier antwoord gee op die vraag: wat is welsprekendheid eintlik en waarin bestaan die wese daarvan?

Niemand sal my teëspreek nie as ek dit noem: die deur kuns geoefende gawe, om deur middel van die mag van die woord oortuigend op die verstand, roerend op die gemoed en bewegend op die wil van die mens in te werk. Elke vorm van welsprekendheid, waar dit ook al mag voorkom, in die daelikse lewe of voor ŉ gehoor, op die preekstoel of in die parlement, val wesenlik in drie dele uiteen: redenering, skildering en oorreding. M.a.w. ten eerste, die spreker moet weet wat hy wil sê, ŉ degelike kennis van sy saak besit om oortuigend te kan inwerk op die verstand van sy toehoorders. Dit toon ons die verband tussen welsprekendheid en wetenskap of wysbegeerte. Hy moet egter ten tweede nie net redeneer nie, maar ook skilder, om op die wyse die gemoed van sy toehoorders te tref. Dit toon aan ons die samehang tussen welsprekendheid en die digkuns.

Ten derde moet hy ook oorreed, die wil van sy toehoorders buig en hulle tot iets beweeg. Dit laat ons die verwantskap merk tussen welsprekendheid en deug.

Nie een van hierdie drie kan ons mis nie. Om welsprekend te wees, moet die woord die beeld en gelykenis dra van die persoon van welke dit uitgaan en behoort hom te rig tot die hele mens, sy verstand, hart en wil. Alleen op hierdie wyse beantwoord dit aan sy bestemming, wat by ons, natuurlik op kreatuurlike wyse, nie anders is as by die Here onse God nie, wat deur die woord alle dinge in aansyn geroep het en ook herskep na sy beeld.

Ons wil nou bogenoemde drie punte uitvoeriger behandel.

1. Welsprekendheid eis ŉ grondige kennis van die stof waaroor die spreker wil handel. Die Sofiste, in die Griekse tyd, veral Sokrates met sy woordevernuf, asook die latere Verligting, het van welsprekendheid ŉ kunsgreep gemaak, behendige woordhantering en het die gemoed van die volk probeer oorrompel deur hulle toe te lê op oratoriese woorde, bombastiese sinne, skitterende beelde, vernuftige woordspelinge, treffende teëstellinge. In Plato se boek Gorgias word dit openlik erken, *ŉ* Redenaar, so word daar beweer, is iemand wat sonder

studie, alleen deur woordespel, mooier en meer wegslepend oor elke saak kan spreek as watter deskundige ook al. In staatkunde oortref hy die politikus, in geneeskunde is hy die dokter se meester, insake oorlog verslaan hy die krygsman. In elke volksvergadering verkry hy die oorwinning deur sy skitterende redenaarstalente. Hierdie mense se hoogste mikpunt was dus om wit swart te praat, om indruk te maak en resultaat te bereik d.w.s. hul enigste doel was om sukses te behaal.

Sokrates en Plato het heftig hierteen te velde getrek en het hierdie soort welsprekendheid as ŉ onderdeel van vleikunde gebrandmerk. Hulle het dit in dieselfde lig beskou as kookkuns, wat immers net een doel het nl. om die lus te prikkel en die sinne te streel. In plaas hiervan het hulle by die redenaar degelike wysgerige kennis geëis. Sokrates se woorde is nogal kenmerkend: die redenaar moet nie deur woorderykdom sy hoorders verblind nie, maar deur bewyse hulle oortuig; hy moet nie jaag na die sukses van die oomblik nie, maar hom in diens van die godheid stel en vir reg en sedelikheid in die bres spring. Plato het ware welsprekendheid omskryf as leiding van siele deur die woord en dit is slegs dan moontlik wanneer die redenaar wysgerige kennis besit van die hoogste idee. Hierdie idee is vanweë hul Goddelike oorsprong alleen in staat om die mense te bekoor en hulle aandag te boei.

Nieteenstaande hierdie kragtige woorde van Plato en Sokrates is die geslag van die Sofiste onder hedendaagse redenaars nog geensins uit-gesterf nie. Hulle is vandag nog tussen ons. Daar is nog baie wat, soos Fénélon dit uitgedruk het, nie praat omdat hulle iets het om mee te deel nie, maar soek om iets te sê omdat hulle wil praat. Schopenhauer verdeel skrywers in drie groepe: in die eerste plek die wat skryf sonder om te dink — hierdie groep, so beweer hy, is die meeste. Die tweede groep dink terwyl hulle skryf — hulle is ook nogal talryk. Die derde groep is die wat klaar gedink het voor hulle begin skryf — hulle is nogal

seldsaam.

Dieselfde indeling kan oorgeneem word wat betref openbare sprekers. Selfs predikante op die preekstoel kan hier nie uitgesonder word nie. Juis hier beklee die woordkuns miskien nog die magtigste en aansienlikste plek. Die hoogdrawende stem, luidrugtige spraak, gerekte toon, niksseggende sinne en strelende uitdrukkings moet dan vergoed vir wat aan degelike inhoud en egte studie kortkom. Dit is juis om jou oor te verbaas omdat die bedienaar van die woord Gods Woord moet verkondig en hierdie oortuiging hom ten strengste moet belet om iets by die Skrif toe te doen. Die teks is al te dikwels net die spyker waaraan ŉ uitgerafelde flenter van eie of geliefkoosde volksmeninge opgehang word. Allegorie, vergeesteliking, mistieke betekenis, diepere sin, ŉ waarheid agter die waarheid, is dan die kunstige bewerking deur welke gepoog word om die Skrif met eie gedagtes te versoen. Hiervoor is studie geensins nodig nie. Al wat nodig is, is vernuftige kwinkslae, matelose fantasie plus ŉ oorgroot mate van brutaliteit en ŉ gewete wat volkome uitgerek is. Sodanige predikers behaal wel sukses, meer nog as die Sofiste uit die ou tyd. ŉ Paar voorbeelde stel dit duidelik. As die vraag gestel word: waarom het Moses die slang aan die stert gegryp en nie aan die kop nie, kan ŉ diepsinnige antwoord ontvang word: omdat die kop in die paradys vermorsel is; as in die vyf mans wat die Samaritaanse vrou gehad het, met mistiese blik die vyf boeke van Moses gesien word; as in die huwelik van Isak en Rebekka die wyse gesien word waarop Christus sy gemeente as bruid sal verwerf; wanneer hierdie dinge en nog veelmeer wat ons nie hier hoef op te som nie, as die Woord van God aan die gemeente verkondig word, sal dit aan tydelike sukses nie ontbreek nie. Tog gaan die prediker vroeër of later die spot word van sy gemeente. Teenoor hierdie en dergelike woordspelinge, sowel in die parlement, voor die regbank en op die preekstoel is daar maar een ordentlike geneesmiddel: ernstige studie, degelike kennis, egte wetenskap. Ongelukkig is opregte godsvrug sonder meer nie altyd hierteen bestand nie. Innige

vroomheid is ook nie altyd aan hierdie wyse van preek gespeen nie. Dit is alleen grondige studie wat ons in staat stel om in die Naam van God net Gods gedagtes te verkondig. Op sy eie manier moet die prediker van die evangelie dit Jesus nasê: Ek spreek nie uit Myself nie/ van die Vader het Ek ŉ gebod ontvang wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. Alleen op so'n wyse verkry ons woorde gesag, en vir die welsprekendheid op die preekstoel is dit onontbeerlik. Sonder hierdie gesag sou kanselwelsprekendheid nooit ontstaan en kan nie bly voortbestaan nie. Al namate ons die oortuiging verloor dat die woord wat ons spreek ŉ Goddelike Woord is, na die mate moet ons prediking invloed en krag inboet. Dink maar net daaraan: as ons nie van God ŉ boodskap ontvang om mee te deel nie, wie gee dan aan ons die reg om voor mense wat volkome ons gelyke is en soms ook beter as ons, op te tree? Wie gee aan ons die vryheid om op die preekstoel onsself eintlik bo hulle te plaas en hulle aandag te vra vir dinge wat van die hoogste belang is vir hulle geestelike lewens, selfs oor ewige wel of wee met hulle te spreek? Wie durf en mag dit doen as hy hom nie geroepe voel deur die Here nie? Maar alleen so ŉ gesondene kan welsprekend wees. Dit is die onmisbare van die prediking van Gods Woord, wat ook met niks anders vergelyk kan word nie. Dit dwing ons ook om voortdurend te besef dat dit wat ons verkondig, nie ons eie woord nie, maar waarlik Gods Woord is. Ons besef dan ook dat dit onverantwoordelik en sondig is om met ŉ geopende Bybelboek op die preekstoel te staan en dan slegs meninge te verkondig wat by die gemeente byval vind. So'n vorm van welsprekendheid, hoe regsinnig dit by die eerste aanhoor daarvan ook mag klink, is en bly slegs ŉ onderdeel van vleitaal wat deur Plato gelykgestel word met kookkuns. Ons moet egter gewaarsku word, dat as degelike kennis ŉ eerste vereiste is van ware welsprekendheid, ŉ spreker nie in die ander uiterste moet verval en sy voordrag tot ŉ arsenaal van geleerdheid moet maak nie. Die preekstoel is nie ŉ kateder nie. Die kerk is ook nie ŉ skool nie. Die gemeente is nie ŉ groep studente nie. In die verlede is daar en

nog steeds word daar dikwels ook hier gesondig. Ons Gereformeerde voorvaders het dikwels die skatte van Atene en Rome geneem en dit voor die gemeente uitgestal. Hebreeus, Grieks, Latyn en selfs Siries en Arabies; aardrykskunde, geskiedenis en oudheidkunde — al hierdie dinge is aangegryp om die goeie gemeente met bewondering te vervul vir die geleerdheid van hulle predikant, ŉ Duidelike en sprekende verhaal om dit te illustreer, het ds. Eversdijk nagelaat in een van sy preke oor die heerlikheid van die Messias. Dit lui so: ŉ Vriend staan tot sy vriend eintlik in dieselfde toegeneë verhouding as tot homself. In Deut. 16-.6 lees ons dat hy soos ons eie siel is. ŉ Vriend word daarom genoem ŉ alter ego, ŉ ander Ek. Toe Lyricus vir sy vriend gebid het, het sy gebed gelui: Serves animae dimidium meae, behou die helfte van my siel. Trouens die spreekwoord lui tog: amicus una est anima in duobos corporibus: vriende het een siel in twee liggame: Laërtius verhaal dat Xenocrates vir Plato met soŉ groot liefde bemin het dat, toe Dionysius op ŉ keer aan Plato gesê het: caput tibi quisquam toilet, iemand sal u hoof wegneem, hy terwyl hy daarby gestaan het, na sy eie hoof gewys het met die byvoeging: nullus id prius, quam istud abscindet, niemand sal syne eerder dan myne afsny nie. Sien u, soŉ vriend is die Messias/"

Dit is seker duidelik dat dit geen preek genoem kan word nie, gladnie welsprekendheid is nie, maar oppervlakkige geleerdheidsvertoon en ydele woordbombasme.

Degelike kennis sluit eenvoud nie uit nie, maar juis in. Geleerdheid is nie wysheid nie. Beets het tereg gesê: Hy wat kennis soek en wysheid nie daarby, vry na die bediende en gaan die vrou verby. Om so geleerd te preek, dat die gemeente en jy ook self nie verstaan nie, is geen kuns nie. Maar net soos die Heilige Skrif die diepste gedagtes so eenvoudig en natuurlik weergee, dat selfs die gewone arbeider dit maklik begryp, moet die prediker daarin sy verhewe ideaal vind vir sy voordrag: Skrif woord en Skrif styl by Skrifprediking.

In hierdie verband het Luther op ʼn keer in sy tafel gesprekke gesê: ek preek vir die ongeleerdes en bevredig dan almal. Die Grieks en Hebreeus wat ek ken, hou ek terug tot ek onder geleerdes verkeer. En by so'n geleentheid gaan ons so woes te kere dat ons liewe Here Hom daaroor verwonder.

*2.* Kennis is egter nie genoeg vir ʼn redenaar nie.

Die wysgeer redeneer, oortuig en rig hom alleen tot die verstand. Die redenaar mag nie net redeneer nie. Hy vertel ook nie alleen nie. Hy moet laat sien. Hy rig homself ook tot die gemoed en tot die verbeelding. Daarom is welsprekendheid so nou verwant aan die poësie. Digkuns was selfs die moeder van die welsprekendheid. Homerus was die vader van die poësie, maar ook van geskiedenis en van welsprekendheid. Demosthenes het by hom die kuns afgekyk en na daardie voorbeeld homself gevorm. Veral in die Ooste het die redenaar en die digter hand in hand geloop. Die profete in die Ou Testament was redenaars en tegelyk digters. Die ritmiese maat in hulle taalgebruik bewys dit oral. Die gelykenisse van Jesus verenig in hulle albei elemente. Van Paulus se welsprekendheid is 1 Kor. 13 ʼn monument en tegelyk is dit ʼn mooi lied, gewy aan die liefde.

Langsamerhand het welsprekendheid en poësie elkeen sy eie koers gekies. Welsprekendheid het selfstandig geword en op eie bene gaan staan. Die verstand speel ook ʼn baie groter rol by die Westerse volke as die verbeelding. Ons leef nie meer in die konkrete dinge nie, maar in die abstrakte. Besinning voer heerskappy oor intuïsie. Ons verlang meer na waarheid as na skoonheid, meer na gesonde verstand as na kunstige woorde, meer na wysheid as na prag. Ons kom voortdurend verder weg te staan van die tydperk toe die volkspoësie bekoor het. Ook die naïwiteit van die Middeleeue is vir ons onherroepelik verby.

En tog bly die verwantskap bestaan tussen welsprekendheid en digkuns. Hulle is naby familie, bloedverwante van mekaar. Die familie-trekke blyk duidelik in die punte van ooreenkoms:

skildering is aan beide eie, albei maak gebruik van lewendige en aanskoulike voorstelling, albei teken in beelde en figure, aan albei gemeenskaplik is “de faire voir les objets” (om die werklikheid te laat sien).

Die redenaar moet ons laat sien wat hy meedeel. Die toespraak is wel ŉ betoog, maar tegelykertyd is dit ŉ toneel, ŉ aanskoulike hoorspel. Die redenaar beskryf bv. nie slegs in dogmatiese terme wat sonde is nie, maar hy laat ons die sonde sien in sy ontsettende skuld en in sy verwoestende mag. Hy sit nie slegs op leerstellige wyse die verskillende ondeugde uiteen nie, maar maak deur lewendige voorstelling (natuurlik nie deur nabootsing nie) die dronkaard, die gierigaard, die dienaar van die wêreld en die onreine van hart vir ons aanskoulik. Hy moet nie bloot ŉ wysgerige verhandeling gee oor deug en gods-diens nie, maar moet voor ons geestesoog dit wakker roep.

Die evangelieprediker kan dit maklik doen omdat die Christendom so konkreet, so aanskoulik en persoonlik, of as ons dit op die grondigste meedeel: omdat die christendom trinitaries is. Die bedienaar van die Woord het dit in sy guns bo al die ander redenaars in die burgerlike, regterlike en staatkundige gebiede. Altyd, as die redenaar nie maar net aan die oppervlakte bly steek nie en dit waag om in die diepte af te daal, kom hy as 't ware van aangesig tot aangesig te staan teenoor ŉ Persoon, sowel wat betref skepping as verlossing en heiligmaking. Die Heilige Skrif is waarlik van begin tot end een stuk magtige geskiedenis. Dit gee nooit aan ons abstrakte redenering of dogmatiese betoog nie. Ons hoor nooit afgetrokke gedagtes nie. Die Skrif redeneer nie, dit skilder. Dit beskryf nie, dit vertel. Dit betoog nie, dit laat sien. In hierdie opsig is daar ook geen boek in die hele wêreld wat met die Skrif vergelyk kan word nie. Alles in die Skrif is aanskoulik, skilderagtig, konkreet, oorspronklik, vonkelend soos die kristalheldere water wat uit die bron opborrel. Hier hoor ons die taal van die lewe, van die hart, van onmiddellikheid, van inspirasie en daarom is dit vir

elke mens verstaanbaar en bly dit voortleef deur alle geslagte, verouder dit nooit deur die tye nie. In die hoogste sin van die woord en in heeltemal enige sin, is dit klassiek. Goddelike gedagtes is hier in die geskiedenis ingeweef; profesie en geskiedenis is een. Alles van die begin af tot aan die slot, is gedagtes wat gestalte aangeneem het, vleesgeworde woord, die Goddelike word ver-menslik, die geestelike versinnelik, alles is soos in ŉ wye sirkel rondom geskaar en wys heen na Hom in wie se liggaam die Godheid woon en in wie die ideaal werklikheid geword het. Die abstrakte dualisme van God en mens, gees en stof, hemel en aarde, verstand en hart, is hier tot die innigste eenheid versoen.

Om aan hierdie tweede eis van welsprekendheid te voldoen is daar dus geen beter studie denkbaar as die van die Heilige Skrif nie. Die prediker sal aan aanskoulikheid al hoe meer inboet, hoe verder hy hom van die historiese christendom van die Heilige Skrif distansieer. Kyk maar net bv. na die armsalige Rasionalisme van vroeëre en latere tyd. Probeer maar gerus, indien u verkies om die Semitiese gedagtegang te vertaal in een van die tale van Jafet se nageslag; trag om die Goddelike idee uit die geskiedenis los te wikkel. Dan het u nie alleen die Christendom van sy murg en kern nie, maar u het tegelyk die godsdiens van sy poësie beroof. Hierdie verlies is só groot dat dit onmoontlik weer herwin kan word. Ons sien dit in die jongste tyd hoe tevergeefs getrag word om die religie weer met die poësie te verbind en in die dorre verstands-begrippe weer lewe in te blaas. Selfs al word die hulp van fantasie, sang en kuns by geroep, kom daar nie verryking in hierdie armoede nie. Die Rasionalisme is die dood van alle poësie, want dit maak alles abstrak, ook die taalgebruik. God word genoem die Opperwese, die Messias is bekend as die wyse van Nasaret. Versoening is slegs maar voorbeeld, sonde word gebrek en bekering word beskawing. Alle tekenagtige en skilderende woorde word ingeruil vir dorre begrippe. Terwyl die regte welsprekendheid die gedagtes wil veraanskoulik, is dit die strewe

van die Rasionalisme om alle aanskouingsdinge in die geskiedenis in koue denkbeelde op te los.

Daarom vind ons dat Rasionalisme en welsprekendheid met mekaar bots, net soos wat Rasionalisme en poësie nie in vrede met mekaar kan lewe nie. Ware welsprekendheid is skilde-ring. Die abstrakte begin hier te leef en gedagtes word vlees en bloed. Toe die beroemde Bernard van Clairvaux die raadsbesluit van verlossing aan die volk wou verkondig het hy die vier eienskappe van God nl. barmhartigheid, waarheid, vrede en wysheid, sprekende en handelende voor sy hoorders laat optree. Hierdie vorm van welsprekendheid kan nie anders as om die hoorders te boei nie en om hulle te laat hang aan die lippe van die redenaar. Dit is gebore uit die gevoel en gee uiting in die taal van die verbeelding. Bilderdijk het so mooi gesê dat verbeelding die moederskoot van die poësie is, maar dit moet bevrug word deur die gevoel. By die huwelik van verbeelding en gevoel word dan vir die welsprekendheid en vir die digkuns ŉ pragtige kind gebore, ŉ nuwe heelal":

"Waarin op vleuglen van zijn almacht rondgedragen,
De dichtkunst zwiert en zweeft met Godlijk zelfbehagen,
En werelden vol glans hervoor roept uit haar graf"

Maar natuurlik kan ŉ mens hier ook weer na die verkeerde kant afdwaal. Die gevaar van oor-drywing bestaan altyd. Natuurlik bestaan die verband tussen welsprekendheid en poësie nie daarin dat preke op rym geplaas moet word nie. Dan word dit aaklig. Dit het ook al in die loop van die geskiedenis gebeur en sommige predikante het nogal daarvan gehou. Ds. Antonie Croezen het met die ingebruikneming van die nuwe kerk in Rotterdam in 1737 die votum in digmaat voorgedra:

Ons zegen Vader ende Soon,
Ons zegen d'Heijlige Geeste,
Die al de wereld eer betoon,
Voor Hem hun vrese meeste.

Talle voorbeelde kan gegee word waarin predikante in die verlede al gesondig het deur oordrywing. Soms grens dit selfs aan die belaglike en dwase.

Nie alleen kom dit voor by berymde gedagtes nie, maar soms kom woordepraal in ŉ sekere vorm voor, bedoel om al te plasties sake voor die hoorders te stel. Ons kan dit noem prosaïese predikante wat aan hulle verbeelding vrye teuel gee. Ds. Mees het bv. ŉ preek gehou oor die begrafnis van Sara: "Die roustatige begrafnis van die geseënde prinses Sara, oorlede huisvrou van die voortreflike vors, profeet en vriend van God Abraham, wat nou 3539 jaar gelede by Hebron begrawe is in Magpela, in die jaar 2145 na die skepping, dit wil sê 1858 jaar voor die geboorte van Christus, nadat sy 127 en haar man 138 jaar oud geword het."

Ewe afstotend is die woorde van ds. Zelotes van Rotterdam wat sy teks so aangekondig het: "Ons tekswoorde is geskep uit die grote Oseaan van Moses, die vierde fontein, die vyftiende emmer, die twaalfde druppel"

ŉ Derde voorbeeld vervul *ŉ* mens ook met afkeur vanweë die verregaande realisme van die beeld wat ds. Theod. a Brenck gebruik: "Wanneer daar water in ŉ boot ingevloei het, word dit deur ŉ hysemmer weer uitgegooi. So ook het Dawid die water van die sonde wat in die skip van sy siel ingevloei het deur die barste van oortredinge van Gods gebooie met die hysemmer van opregte skuldbelydenis weer uitgegooi."

Sulke wansmaak was vroeër en ook nou nogal geliefd. Smaak verskil. Selfs vandag word sodanige valse vernuftigheidheid mooi gevind. Plastiese en plat redenaars het altyd nog ŉ massa van toehoorders wat daardeur geboei word. Die naturalisme en

realisme van Zola vind ook op godsdienstige gebied sy aanhangers. As daar een ding is wat ons kan leer uit hierdie sogenoemde volksredenaars, is dit bepaald die skilderagtige, die lewendige en aanskoulike van hulle aanbieding. Inderdaad is dit die geheim van alle vorme van populêre welsprekendheid: die redenaar mag hom nie ŉ enkele oomblik van sy gehoor isoleer nie en dan ŉ koue alleenspraak voer nie. Juis die teenoorgestelde moet gebeur: hy moet hom voortdurend na sy gehoor wend, hulle aankyk en aanspreek, vrae aan hulle vra, teëwerpinge in hulle mond lê en bedenkinge wat mag opkom uit die weg ruim. Geen oomblik mag hy hulle los of aan hulleself en hul eie gedagtes oorlaat nie. Hy moet hulle besig hou en met hulle besig wees, met hulle praat en met hulle handel. Daar moet wisseling, verkeer, omgang wees tussen oog en oog, hart en hart, siel en siel. Die toespraak moet een stuk dramatiese handeling wees. Dan eers bereik welsprekendheid daardie doel wat Bilderdijk ook aan die digters voorhou:

“Houdt aller harten in uw handen!
Doorwoelt, doorwroet onze ingewanden!
Beheerscht verbeelding en verstand!
Kneedt, kneedt onze inborst met uw ving'ren.
Leert van Jupijn den bliksem sling'ren!
Maar zet er zielen mee in brand.
't Gemeen moog' vruchtloos naar den hoogen
U starend trachten na te oogen,
't Gevoele u in 't geschokte hart!
Het ween, het lach, het gloei, het ijze,
Naar dat uw zangtoon dale of rijze,
Of zink' in onbeweeg'bre smart.
Het haat', het minn', het zet zich open,
Het krimp' naar 't onweerstaanb're nopen
der geesel, daar uw hand had meê zweept,
En heb gevoel, noch wil, noch leven,
Dan die 't uw zangtoon weet te geven,
Dit 't in zijn golving medeslaapt.”

3. Hoe innig die band tussen welsprekendheid en digkuns ook mag wees, en hoe ’n lang end pad hulle ook mag saamgaan, tog gaan welsprekendheid nog weer hoër as die digkuns en bo dit uit. Die digkuns se regstreekse en onmiddellike doel is tog om te behaag, om in ons gemoed dieselfde aandoeninge te stort as wat die digter aangevoel het.

Welsprekendheid egter redeneer nie net met ons verstand nie; roer en skok nie slegs ons gemoed nie; is nie bloot met ’n emosie in ons hart tevrede nie. Die einddoel van die prediking is werklik nie — om dit plasties uit te druk — om die huis van God onder water te plaas met trane nie. Sielsroerende en — soos Witsius dit noem — tranetappende predikasies is lank nie altyd die bestes nie. Van baie roerende preke geld die gediggie van Beets:

> “Jan War preekt roerend, zegt gij. Kom,
> Ik wil het ook gelooven.
> Hij roert een pot met woorden om,
> En hutst het onderst boven.”

Ware welsprekendheid beoog veel meer as net roering van die gemoed. Dit wil deur die verstand en hart heen ook die wil van die mens buig. Die redenaar mag nie tevrede wees nie voordat die hoorders net soos hy dink, net soos hy voel en net soos hy wil handel. In welsprekendheid bereik die woord eers sy hoogste, sy hervormende, sy herskeppende mag. Hier kom dit die naaste by die oorspronklike, die absolute mag van die woord van onse God. Egte welsprekendheid is daarom onmoontlik sonder heerskappy oor die taal waarin gespreek word. Soseer is dit ’n vereiste en ’n kenmerk dat Prof de Vries by sy aanvaarding van die hoogleraarsamp te Groningen in 1849 in sy rede selfs die beginsel van welsprekendheid kon stel. Hy omskryf die heerskappy wat die redenaar oor die taal moet besit in die volgende woorde: as die spreker die inhoud van die taal dusdanig in hom opgeneem het dat die taal as 't ware met sy wese vereenselwig is; wanneer die taal self na stof en gees sodanig sy eiendom geword het dat die

hele taalskat onmiddellik tot sy beskikking staan; as hy by elke gedagte wat in hom oprys en by elke gewaarwording wat hy voel dadelik die woord of uitdrukking wat so'n situasie die lewendigste afskilder kan laat ontspring; as die orde en verbinding, die buiging en plooiing van die dele, die afwisseling van vorme en wendinge, telkens die allerfynste skakeringe van gedagte met die suiwerste begrippe en sinsnedes weergegee kan word, telkens in skone harmonie saam-smelt met die trilling van die senuwee van gevoel; eindelik, as elke beeld wat die siel uit die spieël van die taal opgevang het hom net so kragtig en net so helder, maar met die jeugdige waas van oorspronklikheid weerkaats in die lewende woord; dan, dan eers is die oorwinning behaal en het die taal sy meester gevind. Eers as ons meesterskap oor die taal het, is ons verseker van heerskappy oor die gemoed en dus ook die wil van elke mens. Die wil van die mens moet nie opgeneem word as *'n* draaiende rigting-wyser of 'n weerhaan wat verander vir elke windrigting nie. Dit wortel immers diep in die menslike natuur. Die evangelieprediker word tog opgeroep om vir sy hoorders te bid dat hulle hulle met God moet versoen. Uit hierdie woorde moet ons veel meer aflei as maar net 'n mededeling. Die welsprekendheid is sowel 'n redenering as *'n* skouspel en 'n handeling. Dit is duidelik nog meer as hierdie drietal: dit is *'n* stryd en worsteling. Die redenaar knoop 'n tweestryd aan met sy hoorders. Hy moet hulle oorreed. Hy mag met die stryd nie ophou nie voor dat sy hoorders oorgegee het. Hy moet elke bedenking wat hulle mag hê, wegneem. Elke verontskuldiging moet hy hulle ontneem en elke uitvlug uit die engtes moet hy afsny. Hy dryf hulle juis in die engtes, sodat hulle, soos die Israeliete nie vorentoe of agtertoe, nie na regs of links kan wegkom nie. Daar is maar alleen een uitweg: hulle moet die oog na Bo rig, vanwaar hulle hulp moet kom. Nog sterker dus as in die betoogtrant en in die skildering, kom hier die groot erns en swaar verantwoordelikheid van die bediening van die Woord uit. Dit dwing byna 'n Bedienaar om dit op te gee. Maar juis op die standpunt van die Gereformeerde belydenis kan hierdie verant-

woordelikheid, al is dit swaar, tog gedra word. As die bekering sou afhang van ons menslike wil en die wil hom na hartelus kon buig, sou die prediking van die evangelie ŉ te swaar taak vir ŉ mens gewees het. Immers, as ŉ preek die wil van die hoorders dan nie sou buig nie, sou dit meebring dat ons onsself moes beskuldig as onbekwaam, dat al ons vuur en inspanning tevergeefs is en hierop volg dan altyd die verterende selfverwyt. Voor die vierskaar van die eie gewete kom dan die selfbeskuldiging: as my woorde maar kragtiger was en my inspanning nog groter, was dit miskien moontlik deur my welsprekendheid om die wil wel te buig. Juis omdat dit gelukkig nie so is nie en die wil nie onder ons eie heerskappy staan nie, maar dit die werkplek is van Gods Gees, kan ons die swaar verantwoordelikheid wat oorreding as eis vir welsprekendheid stel, ook op ons neem. In die geloof weet ons: met die prediking van die Woord gaan gepaard ŉ werking van Gods Gees. Die woord wat gespreek word is slegs die middel in Sy almagtige hand. Vanweë hierdie praktiese en sedelike doel het baie die welsprekendheid in ŉ baie nou verband gestel met die goeie en die deugdelike. Cicero het al getuig, en Quintilianus het dit herhaal, dat die redenaar wat waarlik redenaar wens te wees, ook ŉ deugsame mens moet wees. Sokrates het geëis dat die redenaar hom in die diens van die Godheid moet stel en slegs sy gawes wy aan die verdediging van reg en sedelikheid. In die moderne tyd het die beroemde redenaar Theremin beweer dat die welsprekendheid ŉ deug was en hy het aan die retorika ŉ plek gegee as onderdeel van die etiek. Dit is sekerlik oordrewe. Welsprekendheid is ŉ gawe wat ook in daardie mense gevind word wat hulle in die diens van die sonde stel. Mirabeau, Heinrich Heine, Multatuli, is al genoeg bewys daarvan. Tog bevat die stelling van Theremin ŉ diepsinnige waarheid. Daar is ŉ natuurlike verband, tussen welsprekendheid en deug. Die verband tussen welsprekendheid en sonde is onnatuurlik en kunsmatig. Mooiheid is die gewone, eie en natuurlike kleed van waarheid. Leuen en sonde kan daardie kleed van waarheid en heiligheid

steel en vir hulleself aantrek om dan as engele van die lig te verskyn. Waarheid egter is van nature welsprekend. Dit is deur eenvoud mooi. Aan opsmukking deur bykomende sierade het dit geen behoefte nie. Die leuen egter, omdat dit in sigself arm is, word gedwing om homself te omhul in die kleed van die waarheid en op die wyse ook aan die waarheid as sy meerdere, hulde te bewys. In sy naaktheid het alleen Satan aan sonde ŉ behae, maar geen mens nie. Daar is niemand wat die leuen om sy eie ontwil lief het nie.

Nou was daar sonder twyfel welsprekende verkondigers van dwaalleer. Die valse profeet beskik altyd oor magtige oratoriese talente. Rousseau se taalgebruik was wegslepend in skoonheid. Mirabeau se welsprekendheid was oorweldigend en kan genoem word ŉ hooglied van die rewolusie in Bybelstyl. Hierdie manne het hulle nie in die minste na die eis van die heidense Sokrates in die diens gestel van die Godheid nie. Tog was hulle welsprekend. Hulle kon dit alleen wees vanweë die elemente van waarheid wat hulle ook nog verdedig het en boweal deur die vaste oortuiging waarmee hulle-self die leuen as waarheid omhels het. Sonder dusdanige oortuiging kan geen mens welsprekend wees nie.

Maar ons aanskou inderdaad dat die welsprekendheid alleen dan sy grootste oorwinnings behaal wanneer dit vry en volgens sy natuur in die diens van waarheid en heiligheid staan. Dan is dit dikwels ŉ mag wat nie alleen die verstand verlig en die gemoedere geskok het nie, maar ook die wil van duisende gebuig het, die maatskappy vernuut het, die staat gered en die aanskyn van die aarde verander het. In die woord skuil daar ongelooflike, byna Goddelike krag. Dink vir een oomblik aan Demosthenes teen Philippus, Cicero teen Catalina, aan Napoleon toe hy aan die voet van die piramides gestaan het. Dink net aan Lamartine, toe hy in 1848, staande op die trappe van die stadhuis in Parys, deur die mag van sy woord die woedende menigte bedwing het.

Nog net een voorbeeld noem ons uit kansel-preke wat

Massillon in 1701 gedurende die vastyd gehou het voor Lodewyk XIV en sy hofhouding. Ons gee slegs weer daardie gedeelte wat handel oor die klein aantal van die uitverkorenes:

Daarom bepaal ek my by u, broeders, wat hier vergaderd is. Ek praat nie van die ander mense nie; ek beskou u asof u die enigste mense op aarde is; en dan moet u getuies wees van daardie gedagtes wat my besig hou en met skrik vervul. Ek veronderstel nou dat u laaste uur reeds geslaan het en dat die einde van die wêreld aangebreek het: dat die hemel homself bo u hoofde oopmaak, terwyl Jesus Christus in volle heerlikheid verskyn in hierdie tempel en dat u nie met ʼn ander doel hier saamgekom het nie, as om Hom te ontmoet — en dit terwyl u beef, soos boosdoeners aan wie óf genade óf die vonnis van die ewige dood aangekondig sal word .... In hierdie omstandighede dan, vra ek aan u, en terwyl ek die vraag rig sidder ek van angs, omdat ek op hierdie oomblik my eie lot nie van die van u losmaak nie en ek my so ingestem voel soos ek sou wens dat u ook moet wees. Ek vra dan: as Jesus Christus in hierdie tempel in die midde van hierdie vergadering, wat terloops die skitterendste is van die hele aarde, verskyn om ons almal te oordeel en die angswekkende skeiding te voltrek tussen die skape en die bokke, glo u dan dat die grootste getal van ons aan sy regterhand geplaas sou word? Glo u dat die verskil wat getal betref tussen die beide kante nie groot sal wees nie? Glo u dat die Here hier tien regverdiges sou vind wat Hy vroeër in vyf groot stede nie kon vind nie? Ek vra dit aan u en u weet dit nie, en ek weet ook nie. U alleen, o God, weet wie aan U behoort. Maar as ons nie weet wie aan Hom behoort nie, dan weet ons dit ten minste, dat sondaars nie aan Hom behoort nie. Kom dan, wie is hulle wat hier byeen is? Ek reken nou nie met titels en waardigheid nie, want in die teenwoordigheid van Jesus Christus geld hulle nie. Wie is U? Baie van u behoort aan die kring van die sondaars wat hulle nie wil bekeer nie; nog *ʼn* groter getal behoort aan diegene wat hulle wel graag wil bekeer, maar bekering nog uitstel; baie bekeer hulle, om maar weer terug te val in sonde; ʼn

groot aantal meen dat hulle die bekering nie nodig het nie. Dus: dit is ’n byeenkoms van verdoemdes!.. Kom ons trek nou die vier soorte sondaars van hierdie heilige vergadering se getal af, want hulle sal by geleentheid van die groot oordeelsdag daarvan afgeskei word. Kom dan na vore, julle vromes, waar is julle? Uitverkorenes van Israel, gaan aan My regterhand sit. Julle wat tot die goeie koring behoort, skei julle af van die kaf wat in die vuur gewerp sal word. O my God, waar is U uitverkorenes? Wat bly daar oor van U eien-dom?”

Die indruk wat hierdie woorde gemaak het, was buitengewoon. Die koning en alle vergaderdes, die hele vergadering het gesidder. Die redenaar wat self ook getref is deur die algemene aandoening, het etlike oomblikke geswyg en toe sy aangesig met beide hande bedek.

3. Die vorm van welsprekendheid

Ten slotte vra ek u om nog aandag te gee aan die vorm van welsprekendheid. Ongetwyfeld is die vorm aan die stof, aan die inhoud ondergeskik. Vir welsprekendheid geld daar ŉ ander wet as vir die digkuns. By die digkuns is die vorm net so belangrik as die inhoud. Sy doel is tog om te behaag. Die mooie soek in die vorm sy beliggaming.

By die welsprekendheid is die vorm, verteenwoordig in taal, styl en voordrag, aan die stof onderworpe. Van hierdie drie wil ek alleen aan die voordrag aandag verleen. Al mag ons die voordrag nie so hoog waardeer as Demosthenes nie en as Amorie van der Hoeven, wat dit die eerste, tweede en derde, die somtotaal van welsprekendheid ag nie, tog is dit ongetwyfeld van uitnemende en bepaald as van meer as bykomstige waarde. Deur veels te veel openbare sprekers, wat nie aan gawes gebrek het nie, word dit in sy mag en betekenis misken. Al te dikwels heers daar ten opsigte van voordrag ŉ traagheid, wat nie verdedig kan word nie. Seer seker is so ŉ voordrag soos wat ons aantref by Amorie van der Hoeven, slegs by weiniges te vind. Om dit as ideaal te stel waarna elke openbare spreker moet streef, sou miskenning van verskeidenheid van gawes by verskillende per-sone beteken en vir baie het dit al uitgeloop op teleurstelling en ontmoediging.

Tog mag dit van elkeen wat in die openbaar optree gevorder word dat hy ŉ ernstige stryd moet aanknoop teen alle onnatuurlike aanwendsels waardeur so baie persone se voordrag ontsier word. En hier dink ek bepaald nie in die eerste plek aan die preektoon, om welke de Genestet gebid het om van verlos te word nie. Die moderne, vulgêre toon, wat deur baie ander in die plek van die preektoon gestel word, pas ewemin by die hoog-ernstige inhoud van die kruis-evangelie.

Daar is egter baie ander onhebbelikhede wat sowel predikers as alle ander redenaars met krag moet bestry. ŉ Lagwekkende lys kan opgemaak word van al die onnatuurlikhede waaraan sprekers

uit die verskillende geledinge hulle skuldig maak. Daar bestaan nog ŉ preek van Olivier Maillard, wat hy in 1500 in Brugge gehou het, waarin op talle plekke hm! hm! aangeteken is, om volgens die plegtige gewoonte van daardie tyd aan te toon dat hy op sekere plekke moes hoes. Die wonderlikste stemgeluide en die allervreemdste houdinkies word dikwels vir die openbare toespraak gehou. Geen stembuiging is só dwaas nie, of *ŉ* mens hoor dit van die openbare verhoog af. Van agter die lessenaar aanskou ons die mees bespotlike gebare. By baie sprekers is dit asof hulle splinternuwe mense word, mense wat kan voordra, as hulle die jas, toga of rok aantrek. Dadelik neem die stem ŉ buitengewone toon aan. Hy begin te skreeu, te gil, te dryf, hees sy stem te forseer. Sy gesig word vertrek in die mees onnatuurlike plooie; die oë rol en die hande maak vuiste. Die arms swaai, slaan soos hamers of draai soos ŉ windmeul; die voete spring rond of stamp. Selfs minder aangename neus- en keelklanke kan hoorders duidelik hoor by sommige redenaars. Al hierdie dinge is volkome in stryd met die mooi woorde van Beets:

> "Laat schoone verzen glad van effen lippen vloeien,
> Maar gil noch galm noch kwaak noch bulder woest en luid,
> Weerhoud uw arm en hand van haam'ren, zwaaien, roeien,
> De molenwiekerij drukt geen verrukking uit."

Hierdie eienskappe en doenighede vind ŉ mens nie net by predikers nie, maar al te dikwels by ander redenaars. As mense dink dat dit meer aangetref word by predikante, kan dit alleen daaruit verklaar word dat predikante meer tal-ryk is en meer dikwels in die openbaar optree as ander openbare sprekers. Hier teenoor staan darem sekerlik ook dat onder predikante dikwels die beste en sonder twyfel die meeste goeie sprekers gevind word. Die predikante, hoeseer ook al belaster en bespot, sou *ŉ* toets in welsprekendheid met ander redenaars baie goed kon deurstaan. Bowedien sou ŉ mens kon dink aan etlike verontskuldiginge vir die predikant, wat nie vir ander sprekers geld nie. In die eerste

plek moet ons onthou dat hulle geroep word om twee-, drie- en meermale elke week op te tree voor presies dieselfde gehoor. Alleen persone wat hiervan ervaring het besef ten volle hoe ŉ inspanning dit is om voortdurend teen alle onnatuurlike aanwendsels te waak. In die tweede plek moet predikante dikwels spreek in sale of kerke waarvan die boustyl met alle reëls van akoestiek die spot dryf en wat maar net oënskynlik moet aanpas by ŉ sogenaamde Gereformeerde kerk-styl nl. om soveel moontlik sitplekke te verskaf in so'n klein moontlike ruimte. Ten derde moet predikante te dikwels nog preek vanaf preek-stoele wat te hoog is, net staanplek verskaf, en dit dra in geen geringe mate daartoe by dat ook die preekstyl stywe, onnatuurlike en gekunstelde elemente bevat nie. Die eenvoudigheid, gemeensaamheid, vertroulikheid en lewendigheid van die prediking word op die wyse volkome verwurg.

De Genestet het dit raak gevat hoe ŉ gemeentelid in die kerk die aandoenlike klag uiter:

> "Gij prediker daar hoog in de lucht,
> Hebt gij dan geen woordje voor mij?
> Uw rede als een galmend gerucht,
> Rolt ledig mijn ziele voorbij."

Watter verontskuldiginge ons ook al mag aanvoer, nooit mag dit iemand van die eis ontslaan om nie alleen aan die inhoud degelike aandag te gee nie, maar waarlik ook aan die vorm van die welsprekendheid, d.w.s. aan die voordrag self. Dit is natuurlik geensins nodig en dit is ook nie goed nie, om alles volgens dieselfde model te fatsoeneer nie. Ook in die voordrag kom die mooi verskeidenheid van die individualiteite tot sy reg. Elke spreker het sy eie individualiteit en daarom het elkeen ook sy eie voordrag. Die voordrag van iemand anders is vir hom ŉ karikatuur. Maar daardie een manier van voordra wat aan ons eie is, het ons nie kant en klaar met ons geboorte meegekry nie. Op geen enkele gebied en vir geen beroep hoegenaamd kom ons pasklaar

in die wêreld nie. Die lewe is nie ŉ salige rus nie, maar is ŉ ernstige stryd. Ook daardie enigste, goeie en by ons passende voordrag van welke ons alleen die kiem en aanleg by geboorte ontvang, moet ons verower uit die ruwe, platte en ligsinnige neiging aan die een kant, en op die styfheid, gekunsteldheid en onnatuurlikheid aan die ander kant. En: by die ontwikkeling vanaf die punt waar ons is tot wat ons moet word, is daar baie vyande en nogal veelsoortig, wat op die loer lê. Alleen ŉ vaste en plegtige verbond met alles wat waaragtig is, alles wat goed, alles wat lieflik is en mooi klink, kan ons die oorwinning laat behaal in hierdie worsteling oor al die vyande van die mooie.

Hierdie goeie voordrag wat alleen by ons kan pas, staan nooit geïsoleerd en los van ons orige bestaan nie. Dit is ondenkbaar dat ŉ mens wat in die algemeen ŉ ruwe en onbeskaafde persoon is, ŉ goeie voordrag sal hê sodra hy as spreker optree. Net so is dit vergeefs en ook ongenoegsaam om ons alleen op voordragkuns toe te lê en om goed te spreek wanneer ons daartoe geroep word, en die beskawing van ons siel of ook van ons liggaam heeltemal te verwaarloos. *ŉ* Mens pluk nie druiwe van dorings of vye van distels nie. *ŉ* Goeie voordrag kan genoem word: algemene beskawing, wat ons by ŉ besondere geleentheid waar ons geroep word om op te tree, in toepassing bring. Daarom: wees ŉ beskaafde mens in u gesin, in die daelikse lewe, in die maatskaplike omgang, en u sal met geringe oefening dit ook wees op die kansel, ŉ Goeie voordrag word nie bloot ons eie deur die lees van werke van Cicero of Quintilianus nie, of om treffende reëls van Schrant uit die hoof te leer, of ook deur gereelde oefeninge voor die spieël nie. Hierdie dinge is alles goed, maar die vernaamste is tog wanneer die grondslag van algemene beskawing en vorming van ons gees goed gele is. Hoe moet dit geskied? Ons word dit nie anders deelagtig nie as deur omgang met die voortreflikste persone en geskrifte van ons geslag. Ons bedoel dit hier in die ruimste en innigste sin. Dit beteken allereers omgang, daelikse omgang met die. Heilige Skrif, met die profete

en apostels, met die Here Jesus self, Hy, die mooiste van alle mensekinders. In die tweede plek beteken dit omgang met die klassieke volke uit die oudheid. Hulle ryk kultuur vorm nog altyd, volgens die voorsienige leiding van God, die grondslag van ons ontwikkeling en beskawing. Vergeet ook nie omgang met die mooiste en edelste geeste van ons eie volk en van die volke wat ons omring nie. Ten laaste, maar nie die minste nie, beteken dit omgang met die beskaafdes uit ons eie kring en boweal met die vrouelike geslag, aan wie God die sieraad van skoonheid en die geheim van grasie toevertrou het. Want die woord van Jean Paul Richter bly waar: unter Mädchen verliert man Ungeschicklichkeit des Körpers, unter Weibern des Geistes.

Maar verder: voordrag het nie net betrekking op een deel van ons liggaam nie, het nie uitsluitend met die stem en gebare te doen nie, maar dit betref ons hele bestaan. Die reg en noodsaaklikheid van voordrag berus op die noue eenheid tussen siel en liggaam, op die samestemming tussen die innerlike en uiterlike. Dieselfde samestemming moet daar ook wees tussen inhoud en voordrag. Daar moet harmonie wees tussen siel en liggaam, taal en stem, woord en gebaar, tussen wat ŉ mens se en hoe jy dit sê. En wat ons sê, moet ons met ons hele siel, ons hele liggaam en al ons kragte sê. Alles aan ons en in ons moet uit ons spreek. Die klank van die stem, die houding van die liggaam, die beweging van die hand, die blik van die oog, elkeen het sy eie uitdrukking en verleen aan ons woorde krag. Die welsprekendheid gaan dus uit van die hele mens. Die koninklike wet van die voordrag-kuns lui: gee jouself, maar nie jouself soos jy is nie, maar soos jy kan wees en moet word. Dit is die hoë eis van elke redevoering. As ons toespraak dit nie waardig is nie, moet dan liewer nie optree om jou hoorders te verveel en te vermoei nie. Eerbied vir die toehoorders eis dit van ons.

Niemand kan van ons eis dat ons meer moet gee as wat ons is of het nie. Die Hollandse spreekwoord sê: wie geeft wat hij

heeft, is waard dat hij leeft. En dit mag sekerlik van ons geëis word. Op die lippe van ŉ redenaar mag nooit die woorde gehoor word: haat die gewone volk, nie. Nooit mag in die hart van ŉ spreker of skrywer opkom en oor sy lippe die gruwel-woord van Multatuli: Publiek, ek verag julle met my diepste wese. Veral moet so'n hooghartige gedagte uit die siel van ŉ bedienaar van Gods Woord geban word. Hy tree tog immers nie op voor die gewone volk, voor ŉ gepeupel of ŉ publiek nie, maar voor die gemeente van Christus, voor die erfdeel van die Here. Trouens, die hooghartige Horatius en die trotse Multatuli of niemand anders bedoel dit ernstig as hulle sulke woorde soos hierbo uitspreek nie. Nie een van hulle het die begroetinge op die mark of die handegeklap en loftuitinge van die volk geminag nie. Hulle sogenaamde veragting vir die volk was maar net ŉ bewys van hulle gevoeligheid vir volkshulde.

In die voordrag wat dus *ŉ* saak is van die hele mens, neem die stem wel die eerste plek in. ŉ Goeie stem is ŉ kostelike besit of gawe. Dit is die eggo van ons gedagtes, die uitdrukking van ons binneste. In der waarheid is daar gesê: *ŉ* mens kan op ŉ verskillende klinker lag en daarmee jou geaardheid en karakter verraai. Hy wat met *ŉ* a-klank lag en met ŉ wye oop mond, gee daarmee getuienis van ŉ gul karakter en ŉ luidrugtige bestaan. Hy wat met ŉ e-klank lag, is ŉ swaarmoedige mens en flegmaties van aard, Kinders en naïewe, vreesagtige en besluitelose mense lag met ŉ i-klank. Ons hoor ŉ o-klank in die lag van edelmoedige en goedhartige mense. Mensehaters lag met ŉ u-klank. So is daar ongetwyfeld verband te konstateer tussen die klank van die stem en ons geaardheid. Daar is harde, valse, rou en skor stemme wat herinner aan ŉ dronkaard wie se stem in jenewer verstik. Daar is skerp, snydende en sketterende stemme, wat van ŉ nie al te sagte gemoed getuig nie. Daar is ook liewe, sagte, melodieuse, musikale stemme, wat alleen al deur hulle klank simpatie by ons wek en ons hart verower. ŉ Onskatbare voorreg is dit vir *ŉ* spreker as hy ŉ heldere en tog kragtige stem ontvang het. Van die heilige Bernard

deel Neander mee dat die Duitsers, wat sy taal nie kon verstaan nie, reeds deur sy stem al tot trane beweeg is. Van Amorie van der Hoeven word vertel en ook van die ou sofis Favorinus, dat selfs hulle wat glad nie Grieks verstaan het nie, tog sy voorlesing van Homerus geniet het.

Die hoorders is by Van der Hoeven in die kerk alreeds gestig nadat hy die voorsang gelees het. Die stem is ŉ teer musiekinstrument. Gelukkig is hy wat dit goed kan bespeel en die mooiste klanke daaraan kan ontlok, ŉ Mens kan natuurlik ewegoed vals spreek, net soos wanneer iemand vals sing of speel. Die hoogste kuns is dat iemand sy stem volkome in sy mag het, sy hele siel, elke aandoening en elke skakering selfs van aandoening daar kan inlê en daardeur kan uitdruk. Dit is werklik moontlik om, sonder dat die spreker gesien word, uit sy stem sy gemoedstoestand af te lees. Net so ryk as die hart en so ryk as wat die taalskat is, is ook die menslike stem. Dit is die mooiste en heerlikste musiek. Daar is geen klank in die wye natuur wat dit nie kan weergee nie. Dit kan rommel soos die donder en loei soos ŉ orkaan. Dit kan bruis soos *ŉ* waterval en kabbel soos *ŉ* bergstroompie. Maar hierdie musiek van die stem moet gedurende ŉ voordrag as't ware begelei word deur ons hele liggaam. Die homiletiek het vroeër nogal gespreek van "liggaamlike welsprekendheid" en bedoel daarmee dat op sigbare wyse in die houding, beweging en gelaatsuitdrukking die spreker se gedagtes bevestig moes word en selfs tuisgebring by die hoorders. Sowel voordrag as gelaatsuitdrukking, sowel uitspraak as beweging, berus op die harmonie van ons inwendige en uitwendige mens. Hoof en liggaam, oog en wenkbrou, hand en voet, selfs ook die kleding, moet uitdruk wat daar in ons siele omgaan en deur ons mond gespreek word. In die voordrag mag ons niks as iets onverskilligs beskou nie. Elke lid van ons liggaam het *ŉ* eie taal. Daar is ŉ taal van die lippe, maar ook van die oë, die hande en die hoof, ja, van die hele liggaam as sodanig. Ootmoed en skaamte buig die hoof vooroor, verveling laat dit sywaarts hang, hoogheid

rig dit op, trots vind ŉ mens in ŉ stywe nek en skrik laat agterwaarts terugdeins. Praat nie eers van die hande nie! Met ons hande, net soos met ons stem, vra en antwoord, bid en smeek, roep en dreig, ontken en bevestig, nooi ons en belet ons, streel en verafsku ons, vloek en seën ons. Duideliker en veel meer welsprekend as die sprake van hoof en hand, is die taal van die oë. Die oë is die spieël van die siel en hierin vind ons elke aandoening van die siel weerkaats. Liefde en haat, veragting en simpatie, vriendskap en toorn, vertroue en vrees en watter ander hartstog ook al, kan om die beurt in die oog gelees word. Dit glinster op die dag van vreugde en is dof op die dag van smart. Dit skiet skigte as ons toornig is en krimp ineen as ons benoud is. Dit skiet vonke by ons geesdrif en verglaas by ons wanhoop. Dit verwelkom ŉ nuwe lewe by geboorte en breek heeltemal in die dood. ŉ Enkele blik sê dikwels meer as duisend woorde. Die gesproke woord kan met die taal van die oë nie wedywer nie. Hy wat as spreker optree en aan sy boek vasgekoppel is of sy oog net op een punt gevestig hou, of soos Bourdaloue sy oë altyd toehou, verswak die indruk van sy woord en voldoen nie aan een van die vernaamste eise van welsprekendheid nie. Die toehoorders eis tereg dat hulle die spreker wil sien, maar dan is dit ewe-eens noodsaaklik dat die spreker sy hoorders sien en nie net met die klank nie, maar ook met sy blik tot hulle moet spreek. Dan eers is die volmaaktheid van die voordrag bereik, wanneer die redenaar een gedagte uiter en een taal spreek met die inhoud van sy woorde met die klank van sy stem, met die blik van sy oog, met die houding van sy hoof, met die stand van sy liggaam, met die gebare van sy hande, met die kleur en selfs die snit van sy klere; wanneer dus elke dualisme van siel en liggaam, van gees en stof, van innerlike en uiterlike, van stem en toon, van taal en gebare opgehef is in volkome harmonie.

Vanuit hierdie beginsel moet ons al die verkeerde voorstellinge wat nog dikwels oor welsprekendheid en voordragkuns bestaan, bestry. Voordragkuns en gelaatsuit-

drukking het sonder twyfel bestaansreg. Albei is gegrond in die eenheid van siel en liggaam, van gees en stof, van die innerlike en uiterlike. Maar dit moet glad nie die voorneme wees om die sake en voorwerpe wat in \ die rede genoem word af te beeld nie. Dit sou | dwaas en kinderagtig wees om, terwyl iemand spreek van ŉ siterspeler, hom dan te sien hand-bewegings maak van iemand wat op die snare tokkel; of terwyl van ŉ soldaat gespreek word, ŉ militêre houding aan te neem en flink op aandag te gaan staan. Die redenaar is nie ŉ komediant nie, ŉ redevoering is geen opvoering nie en gestikulasie is geen kinderspel nie. Gebare is nie self die redevoering nie en mag sy plek nie inneem nie. Gebare begelei, ondersteun en sit krag by ons woorde. Cicero het alle oordrewe handgebare heel skilderagtig genoem loquacitas manuum (babbel van hande) en dit veroordeel. Hande wat soos ŉ windmeul swaai trek die aandag af van die woorde. Dit is ydel, sinloos en daarom vanuit die christelike beginsel volkome verwerplik.

Dit is inderdaad my oorwoë mening — en daarmee keer ek terug na die uitgangspunt van my betoog — dat die christendom ook vir die welsprekendheid iets te sê het. Net dié welsprekendheid is in ooreenstemming met die christelike beginsel wat bestaan in volkome harmonie van gedagte en woord, van woord en gebaar. Die apostel Paulus het nie ten onregte die bedrieglike en ydele woorde van menslike wysheid verwerp nie. Die heidendom en ook die Grieke mis juis die diepere harmonie. Telkens word op elke terrein die dualisme, die teëstelling, die onversoendheid weer duidelik. In Griekeland is daar ŉ bewonderenswaardige skoonheid van vorm. Byna vir elke kuns en wetenskap is daar klassieke lyne geteken. Natuur en kultuur gaan sodanig hand in hand en deurdring mekaar só volkome, dat die kuns byna natuur skyn te wees. In die epos en in die drama, in die poësie en in welsprekendheid, asook in bou- en beeldhoukuns is daar ŉ harmonie, ŉ vormgewing in voorstelling, ŉ klassieke rus van skoonheid bereik, wat al die komende geslagte met bewondering vervul. Maar al die mooi vorme is draers van ŉ

verganklike inhoud; die waaragtige realiteit ontbreek. Ons bewonder Phidias se Zeus Olympios as kunswerk, maar as god wek hy tog slegs ŉ glimlag by ons op. Hulle drama het onvergelykbare hoogtes bereik, maar laat ons tog eties en esteties onbevredig, vanweë die verskriklike mag van die noodlot en die rol wat dit juis daarin speel.

Ook die wysbegeerte het by die Grieke gedors na kennis, maar dit het, soos die geval was by Pilatus, geëindig met ŉ vraag op die lippe. Wat is waarheid? Die welsprekendheid het in Griekeland menige oorwinning behaal en ŉ hele skema van teorieë oor eise en reëls is daar wetenskaplik ontleed, maar al te dikwels het dit tot kwinkslae en ander retoriese middels toevlug geneem om die gebrek aan innerlike waarheid te bedek. Soos in die gelykenis van die verlore seun aan ons geteken, moes die Grieks-Romeinse volkere hulle dikwels met peule vir die varke voed.

Toe het die christendom gekom en het ŉ splinternuwe gedagtewêreld ontsluit, tintelend van lewe en boeiend in sy skoonheid. Aan die kuns is nuwe stof, aan die denke ŉ onverganklike objek en aan die taal ŉ ewige inhoud teruggegee. Nou mag ons sonder twyfel gebruik maak van al daardie heerlike vorme van skoonheid, die eise en reëls vir welsprekendheid wat Griekeland en Rome vir ons bewaar het. Want as ons Christus se eiendom is, behoort alles aan ons, en nie slegs Paulus, Cefas en Apollos nie, maar ook Homerus en Horatius, Demosthenes en Cicero. In die Christendom is die ware versoening gevind, nie alleen die versoening van God en mens nie, maar ook van al die teëstellinge wat in die heidenwêreld aangetref word. Alles wat in denke of spreke, in handeling of voordrag lelik en disharmonies is, is met die wese van die christendom in stryd; maar alles, op watter terrein en waar ook al, op die gebied van kuns of wetenskap, wat by ons of by ons teëstanders waaragtig en goed is, lieflik en welluidend, dit is christelik.

Want die middelpunt van die christendom is die vleeswording van die Woord en in Hom is die versoening van God en mens, van gees en stof, van inhoud en vorm, van ideaal en werklikheid, van siel en liggaam, van gedagte en taal, van woord en gebaar.